



Elizabeth Eybers

[Uit haar 2de bundel: *Die Stil Avontuur* (1939)]

BUSRIT IN DIE AAND

H.H.KRYNAUW

EASTERN CAPE EDUCATION DEPARTMENT



Wie is Elizabeth Eybers?

(16 Februarie 1915 – 1 Desember 2007 - 91 jr oud)



- Eybers (1915) is die eerste en merkwaardigste vrouedigter in Afrikaans. Haar poësie behoort tot die belangrikste uit die Afrikaanse, maar ook, ruimer, uit heel die Nederlandse literatuur: (P.H. Dubois).
- Sy skryf oor al die lewensomstandighede van vroue, maar ook met deernis oor die lewensomstandighede van ander soos uit hierdie gedig baie duidelik blyk.
- Sy het baie pryse al gewen, o.a. al twee keer die Hertzog- en die C.N.A.-prys.
- Sy woon reeds jare lank in Nederland vanwaar haar stem nog steeds in die digkuns gehoor word.

veral die vlg verdien aandag!

titel

tipografie

inhoud

klankpatrone

beeldspraak

stemming

ironie

tema

TERSINE 1 & 2

- 1 Elk langs sy **yl** weerkaatsing in die ruit
- 2 sit hulle **suf**, met monde moeg gesluit,
- 3 die werkers van die stad wat huis toe gaan.
- 4 **Skaduwee-skimme** gly verby ... Dis laat
- 5 en lang **ligvaandels** wapper oor die straat
- 6 **soos oor 'n dam** die blinkpad na die maan.

“Skaduwee-skimme” = alliterasie; ellips suggereer beweging – mense wat in aand loop en nie helder vanuit die bus gesien kan word nie - spookagtig

“soos oor 'n dam” = vergelyking en
“blinkpad” = metafoor

yl weerkaatsing suggereer werkers se swygsame sufheid

suf = dof van gees; so moeg, hulle praat nie met mekaar nie

uitsteltegniek gebruik om werkers sentraal te plaas as beeld van 'n geroetineerde stadslewe.

“ligvaandels” = metafoor; ook sinestesie: die ligvaandels word as't ware gehoor – dit “wapper”



TERSINE 3 & 4

7 **Ons** ploeg deur stormsee met ons kaperskuit:

8 die stuurman aan die wiel, die passasiers die buit

9 wat ons as slawe huis toe bring vanaand ...

10 Die vaartuig **waggel** afdraand, om die draai,

11 met **skril gekners** en **skommelende swaai**,

12 en **hyg** en **skok** en **snork** en swoeg opdraand

“hyg”, “skok”, “snork” = personifikasie



bus vergelyk met ‘n skuit = metafoor;
kaper = seerower

see-beelde: “stuurman”, “buit”

“vaartuig waggel” = personifikasie;
ellips suggereer beweging

“skril gekners en skommelende
swaai” = klanknabootsing, alliterasie
en polisindeton (verbinding deur
baie voegwoorde)

TERSINE 5 & 6

ons = die spreker in die gedig is een van die verliefdes: opgetoë = opgewonde

13 terwyl **ons**, soos twee kinders opgetoë,

14 mekaar toelag met glinsterende oë

15 Asof hul jammerlik hul lot kan raai

16 sit hulle suf, met monde moeg gesluit,

17 elk langs sy yl weerkaatsing in die ruit,

18 die werkers van die stad wat huis toe gaan.

ellips dui op wending wat volg



Gedig bestaan uit 6 tersines.
Vaste rymskema – paarrym in eerste twee versreëls van elke strofe:
rymskema = aab, ccb, dde, ffe, ens.

Asof die sirkel van swaarkry nie gebreek kan word nie, keer die slotstrofe met bykans identiese woorde as dié van die eerste strofe terug en is die fokus weer op die stroewe werkers wat huis toe keer.

TIEN VRAE

1. Die gedigtitel kan dui op 'n wonderlike uitstappie per bus, saans in die stad. Skryf TWEE woorde neer uit reël 2 wat juis die teendeel aandui. (2)
2. Waarop dui gesluit (r. 2) binne die gedigkonteks? (1)
3. Die passasiers word in reël 9 slawe genoem. Waarvan is hierdie mense slawe? (1)
4. Wat dink u is die funksie van die herhaalde gebruik van en in reël 12? (2)
5. In watter opsig verskil reël 10 van 12? (2)
6. Wie presies is die elk in reël 1? Gebruik reël 3 as leidraad. (2)
7. Watter EEN woord in strofe 2 dui aan dat daar sprake is van 'n vergelyking? (1)
8. Lees weer reël 7. Word hierdie reël letterlik of figuurlik bedoel? (1)
9. Watter klank wat in reël 11 herhaal word, is klanknabootsend? (1)
10. Dui kortliks TWEE verskille aan tussen die hulle en die ons in die gedig (bus). (2)

[15]



Bespreking en Vrae

1. Watter ander werklikheid word deur die vergelyking in die laaste reël van strofe 2 met dié van die stad gekontrasteer? Waarom is hierdie werklikheid belangrik in die konteks van die digter en tyd waarin die gedig geskryf is?

ANTW.: Die plaas/platteland. Wes-Transvaalse invloed van Eybers se jeugjare baie sterk in haar vroeë gedigte. Bundel het in 1939 verskyn in 'n tyd waar veral die Afrikaner weens die droogtes en depressie hul plase moes verlaat om 'n heenkome in die stede te gaan soek. (Daar moet onthou word dat hierdie gedig in die romantiese styl geskryf is en tipies van hierdie styl is daar 'n teruggryp na jeugdige, gelukkige en onskuldige herinneringe / belewenisse, asook dat die platteland / plaasatmosfeer altyd idillies voorgestel word.)

2. Verduidelik hoe die polisindeton in reël 12 die spoed van die bus suggereer.

[Polisindeton = die herhaling van die woord "en".]

ANTW.: Die herhaalde voegwoorde tussen die kort werkwoorde vertraag die tempo om sodoende die stadigwordende beweging van die bus teen die opdraand te suggereer.



'n Moderne gedig gebaseer op
"Busrit in die aand"...

TAXI-RIT NÁ DIE AAND

Weer op Melvillesypaadjie vomeer,
nou metertaxi ons skommelend naar huis.
Lense fokus loop en val met Empire langs,

skrams deur Hillbrow,
in Louis Botha by metro-cops en kapers verby.
Dreine soog oopkeel aan die maan,

hul deksels skroot vir high-rise in Beijing.
Aan pale wurg ligvaandels in slierte,
gelych deur een of ander kontrakteur

met better connection dan al die ander
bloedsuiers, klaplopers en woekeraars.
“Ek verlang terug,” bibber jy,

“na bus uit die neëntien dertigs.”
Ek hoës: “Yl weerkaatsings van nóú...”
Weimarbusse het lank gelede rymelik verroes.

“Home, James! And don’t spare the potholes,”
giggel jy. In minibusvensters sit hulle suf,
waiters en casuals wat huis toe gaan.

Andries Bezuidenhout (2010)